Process Safety Beacon

http://www.aiche.org/CCPS/Publications/Beacon/index.aspx

Boodskap vir bedryfspersoneel

Geborg deur: CCPS Process Safety Incident Database (PSID)

# Wees voorbereid!

April 2009

Passasiers en bemanning ontruim US Air vlug 1549 na 'n noodlanding op water in die Hudsonrivier naby die stad New York



Die passasiers en bemanning van US Airways vlug 1549 vanaf New York na Charlotte op 15 Januarie 2009, in North Carolina, het verwag dit sal bloot 'n roetinevlug wees. Maar, ongeveer twee minute na hulle opgestyg het, het die vliegtuig 'n swerm voëls getref en krag in albei enjins verloor. Die vliegtuig was maar 1000 meter bo die grond, sonder krag, en bokant 'n groot beboude gebied. Die gevaar was groot, nie net vir passasiers en bemanning nie, maar vir tienduisende mense op die grond. Die oomblik het gekom vir die bemanning (Kaptein Chesley B. Sullenberger, Eerste offisier Jeffrey B. Skiles, and lugwaardinne Sheila Dail, Doreen Welsh, and Donna Dent) om alles wat hulle deur die jare geleer het in opleiding en ervaring in werking te stel, **en vinnig!** Die loodse kon nie die enjins aan die gang kry nie, en hulle het nie genoeg hoogte gehad om na die naaste lughawe te sweef nie. Die enigste opsie was 'n noodlanding in die Hudsonrivier. Die lugwaardinne het die passasiers voorberei vir 'n waterlanding terwyl die loodse voorberei het om te land. Die wiele was ingetrek en alle kleppe en openinge na buite is toegemaak om die instroming van water in die vliegtuig in te vertraag. Die loodse het die vliegtuig suksesvol in die rivier geland, wes van die middestad van Manhattan. Die 150 passasiers en 5 bemanningslede is almal veilig uit die vliegtuig ontruim en opgelaai deur reddingsvaartuie en ander bote in die nabyheid. Die tydsverloop vandat die vliegtuig die voëls getref het tot die landing was ongeveer **6 minute!** Die bemanning is later vereer met die "Master's Medal of the Guild of Air Pilots and Air Navigators" vir 'n "heldhaftige en unieke lugvaart prestasie".

# Wat kan ek doen?

'n Chemiese vervaardigingsproses, soos 'n modene vliegtuig, is kompleks. Die meeste van die tyd werk alles goed, maar jy weet nooit wanneer iets verkeerd kan gaan en jy moet reageer op 'n noodsituasie nie. Mens moet altyd voorbereid wees deur te verstaan hoe die aanleg werk, hoe dit sal reageer op jou aksies en wat jy moet doen in 'n noodgeval. Mens moet die gevare van die proses verstaan, en **vooruit dink oor wat moontlik verkeerd kan gaan en hoe jy daarop sal reageer.**

- Opleiding moet ernstig opgeneem word. Elke vlug met 'n vliegtuig begin met die veiligheidsbewustheids-aankondiging – gee jy aandag? **Noodsituasies gebeur nie elke dag nie, maar dit kan enige tyd met jou gebeur**. Jy moet weet wat om te doen. Daar is gewoonlik min tyd om te dink oor wat jy moet doen, daarom is voorbereiding en opleiding van kritieke belang.
- Voordat jy enige aktiwiteit begin, moet jy tyd maak **om eers te dink oor wat verkeerd kan gaan**, wat die gevolge sal wees, hoe die toerusting sal reageer en wat jy sal doen. As jy nie weet nie, vra raad by jou toesighouer, maar moenie die aktiwiteit begin voor jy seker is dat jy verstaan wat jy moet doen in 'n noodgeval nie.
- Neem deel aan **noodsituasie-oefeninge en –besprekings**, sodat jy goed voorbereid kan wees.

**PSID Members: Free Search for "Emergency Response" and "Evacuation"**

***Vooruitdenke en opleiding berei jou voor vir noodsituasies!***

AIChE © 2009. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for the purpose of resale by anyone other than CCPS is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.

**The Beacon is usually available in Afrikaans, Arabic, Chinese, Danish, Dutch, English, French, German, Gujarati, Hebrew, Hindi, Hungarian, Indonesian, Italian, Japanese, Korean, Malay, Marathi, Norwegian, Persian, Portuguese, Russian, Spanish, Swedish, Tamil, Thai, Turkish, and Vietnamese.**